**GROOT LYDENSWEEK 2007**
**Maandagaand**
**Ds Freddie Schoeman**

Vroeg die Maandagoggend is Jesus saam met sy dissipels weer Jerusalem toe. Op pad kry hulle 'n vyeboom. Dit was vol blare maar sonder vrugte omdat dit nog nie vyetyd was nie. Desnieteenstaande het Jesus die boom vervloek weens sy vrugteloosheid.

Ons, en die dissipels, is verbaas. Hoekom tree Jesus so op? Baie vreemd, maar dis duidelik dat dit nie gaan oor die vyeboom nie. Jesus wil eintlik die vyeboom gebruik om 'n ander punt te maak.

Saam met Jesus en sy dissipels daag ons by die tempel op. Besige plek. Dis Paastyd – mense is besig om offerdiere te koop en so aan. Rustig staan die dissipels die offerdiere wat aangebied word en deurkyk – toe hulle skielik 'n groot geraas agter hulle hoor. Toe hulle omkyk kon hulle hulle oë nie glo nie! Jesus was besig om die geldwisselaars se tafels en die duiweverkopers se se stoele om te gooi. En Hy was besig om almal uit te jaag. Hy het niemand toegelaat om goed oor die tempelplein te dra nie. Hy het die hele sisteem in die wiele gery.

Wat het in Jesus in gevaar? Eers die vyeboom – die arme onskuldige vyeboom – en nou dit!! Ons het Jesus nog nooit so sien optree nie. As dit nie lasterlik was om dit te sê nie sou ons gedink het dat van een of ander dinge besete was! Wat die dissipels nog verder verwar het waarskynlik was dat Jesus nou teen verkéérde vyand optree. Hy was veronderstel om die koninkryk van Israel te herstel en die juk van die Romeine af te gooi. Maar nou baklei Jesus teen sy eie mense!

As lesers het ons nou die luuksheid om so 'n bietjie terug te sit en so 'n bietjie na te dink. Om Jesus se optrede te verstaan moet ons iets weet van die agtergrond.

Die tempel was die sentrum van die Joodse geloof sowel as die sentrum van die politieke mag binne die Jodendom. Dit wat by die tempel gebeur het is beheer deur die Joodse aristokrasie, hoofsaaklik die Saduseërs, uit wie se geledere die hoëpriester gekom het.

Die hele sisteem van die Joodse geloof het gedraai rondom die offerpraktyk wat by die tempel plaasgevind het. Deur middel van offers is die Joodse gelowiges se verhouding met God herstel en is versoening tussen hom en God bewerkstellig. (Praktyk)

Maar hierdie moontlikheid tot versoening was beperk gewees. Eerstens mag slegs Jode hieraan deelneem. Alle ander mense is uitgesluit. Tweedens mag slegs "rein" Jode hieraan deelneem. Dit het 'n klomp mense uitgesluit: almal wat as onrein beskou is, armes en kreupeles en melaatses asook mense wat onrein beroepe beoefen het, soos tollenaars en straatvrouens en ander slegte mense soos rowers en moordenaars. Hierdie groepe mense mag nie deel gehad het aan die proses van versoening nie en is vir alle praktiese doeleindes vir ewig en vir altyd van God se liefde afgesny.

Die offerkultus het ook geleentheid vir selfverryking gebied aan diegene wat dit in stand gehou het. 'n Persoon wat 'n offer wou bring moes gewoonlik 'n offerdier by die tempel koop. Dit was onprakties gewees om 'n offerdier al die pad van die huis saam te bring want oor die lang afstande wat hulle moes reis kon enige iets gebeur. Nodeloos om te sê, was die prys van die offerdiere waarskynlik nie markverwant nie.

Om 'n offerdier te kon koop kon jy nie gewone geld gebruik nie want die keiser van Rome se kop was op die muntstukke en aangesien hy 'n heiden was, was dit logies dat die muntstuk onrein was. So, jy het rein muntstukke nodig gehad, tempelgeld. Om hierdie tempelgeld te bekom moes jy jou onrein muntstukke inruil – teen 'n stewige wisselkoers natuurlik!

Vir Jesus was hierdie hele sisteem natuurlik veragtelik. Dit het Hom met intense weersin vervul. Om so teen mense te diskrimineer en hulle uit te buit en God se liefde van hulle te weerhou, het Hom dwars in die krop gesteek.

Maar meer as dit: Jesus was oortuig daarvan dat God se toorn teen Jerusalem gaan ontvlam. Jesus se optrede was simbolies van God se oordeel. Jesus het hier as profeet opgetree. As profeet het Hy 'n simboliese daad uitgevoer. (Soos baie profete van ouds: Jeremia wat 'n juk moes dra, Hosea wat met 'n ontroue vrou moes trou.)

God se oordeel oor Jerusalem is inderdaad later voltrek in 70 nC – meer hieroor later.

Na sy profetiese daad, voeg Jesus nou woorde by die daad. Staan daar nie geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed vir *al die nasies* wees nie?' (Jesaja 56:7).

"Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak." 'n Rowersnes / -spelonk was die plek waar rowers hulle buit weggesteek het. Wat Jesus impliseer is dat hulle as 't ware God se liefde en genade van ander mense gesteel het en dit in hulle rowersnes, die tempel, kom wegsteek het.

Die vraag wat ons vir onsself moet afvra is dit: As Jesus vandag weer sou kom, watter tempels sou Hy wou reinig? In watter tempels word God se liefde en genade weggesteek? Sou dit dalk kerke en gemeentes wees? Kerke en gemeentes wat so ingestel is op hulleself dat die nood van mense by hulle verbygaan? Wat hulleself terugtrek agter hoë mure en heinings en vir hulleself 'n veilige hawe skep waar die storms van die wêreld hulle nie kan bereik nie. Wat van die kerk 'n soort bomskuiling maak waar hulle kan wegkruip en die res van die wêreld aan die genade van die bomwerpers oorlaat?

Maar ons moet nie net kyk na die kerk nie. Regerings- en samelewingsinstellings soos besighede en welsynsorganisasies kan óók rowerspelonke wees; plekke waar mense korrupsie pleeg en hulleself verryk ten koste van die armste van armstes en ten koste van vigslyers en wat toelaat dat die een landsburger na die ander slagoffers van misdaad word?

Het dit nie dalk tyd geword vir die kerk om tempelreinigers te word nie – om die voorbeeld van Jesus te volg en ten spyte van die moontlike gevolge onreg en uitbuiting aan die kaak te stel nie?

Laat daardie aand keer Jesus en sy dissipels terug – en ons loop saam met hulle.

Die volgende oggend, vroegdag, val ons weer saam met Jesus en sy dissipels in die pad, weer Jerusalem toen. Ons loop verby die vyeboom – verdroog! Die vyeboom word simbool van die hele godsdienssisteem van die Jode – uiterlik lyk dit mooi maar dit dra geen vrug nie. God se liefde is nêrens te sien nie.

Op pad Jerusalem toe maak Jesus nog twee vreemde opmerkings. Hy sê as jy glo en nie twyfel nie, sal jy vir 'n berg (Jesus beduie na die berg Sion waarop die tempel gebou is en wat voor hulle in die oggendson geblink het.) sê om in die see te gaan val en dit sal gebeur.

Ons voel dikwels magteloos teen die sisteem. Wat kan ek as enkeling doen? Watter verskil kan ek - met my beperkte vermoëns - maak? Jesus sê wat nodig is, is geloof. "Julle moet geloof in God hê!" "Alles

wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."

Ons moenie probeer om bose gesagsisteme aan te vat sonder geloof nie. Daarom is gebed sentraal. Ons eerste stap in ons aanslag teen die bose, is gebed. Vóórdat ons enige iets doen, moet ons eers op ons knieë wees voor die Vader.

Die ander opmerking wat Jesus maak op pad na Jerusalem is dit: Wat ons ook al doen – as ons wel die sisteem aanvat om onreg en uitbuiting aan die kaak te stel – moet ons nie doen uit wraak of weerwraak nie. Voordat ons bid, voordat ons God vra, moet ons eers vergewe. Ons moet alle haat en wrokkigheid uit ons binneste verwyder voordat ons die bose die stryd kan aansê. Ons motiewe moet absoluut suiwer wees.

Anders sal die bose ons insluk en ons sal opgeneem word in die spiraal van wraak en weerwraak en sal die bose net nog verder hoogty vier.

En so kom ons dan saam met Jesus en sy dissipels saam in Jerusalem aan. Hierdie dag sou 'n besondere moeilike, intense, emosioneel dreinerende dag wees.